# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 1 | Tom en Trevor se spesiale talent | 2 |
| 2 | Te goed om waar te wees | 4 |
| 3 | VuurVreter | 6 |
| 4 | Stringe spaghetti | 8 |
| 5 | Wen en verloor | 10 |
| | Hoofstuk 1 tot 5 - Hersiening | 12 |
| 6 | Wat gaan aan met juffrou Zaan? | 13 |
| 7 | ‘n Plan om jammer te sê | 14 |
| 8 | Jammer, Juffrou! | 16 |
| 9 | Spaghetti-skoene | 18 |
| 10 | Kwêk! | 20 |
| 11 | Juffrou Zaan se spesiale talent | 22 |

‘Spaghetti tussen jou tone’ deur Jaco Jacobs en illustrasies deur Alex van Houwelingen is ‘n storie wat deur ‘n derde persoon oor Tom en Trevor vertel word.

Die woord “karakter” volgens die HAT is iemand in ‘n boek, rolprent of toneelstuk. In ‘Spaghetti tussen jou tone’ is Tom en Trevor die **hoofkarakters**.

# *1 – Tom en Trevor se spesiale talent*

1. Soek die Engelse betekenis van die volgende woorde in jou woordeboek:

| | | | |
|---|---|---|---|
| poetse bak | | strek | |
| proes | | stamp | |
| rympies | | ruik | |
| vanjaar | | raas | |

2. Wat is Tom en Trevor se spesiale talent? Noem twee dinge.

……………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………

3. Dink jy Tom en Trevor is in dieselfde graad? Motiveer waarom jy so sê.

……………………………………………………………………………………………

4. Wat is die nuwe juffrou se naam en van?

……………………………………………………………………………………………

5. Waarom het Tom en Trevor gelag toe die nuwe juffrou hulle groet?

……………………………………………………………………………………………

6. Trevor het dadelik ‘n rympie met juffrou Zaan se naam gemaak. Kies nou enige naam of van en skryf jou eie rympie van drie of vier reëls in die spasie.

7. Hoe het die res van die klas na Trevor se rympie op juffrou Zaan se naam gereageer?

…………………………………………………………………………………………………

8. Wat is Trevor se ander talent?

…………………………………………………………………………………………………

9. Hoe begin juffrou Zaan elke skooldag?

…………………………………………………………………………………………………

10. Hoekom het Tom gemaak asof hy flou word toe hulle begin joga doen?

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

11. Hoe laat joga 'n mens volgens juffrou Zaan voel?

…………………………………………………………………………………………………

12. Voltooi die volgende paragraaf deur die korrekte woorde in die gegewe spasies in te vul.

*Die klas rol op die mat van die 1…………………….. Toe juffrou Zaan sê dat 'n mens nie aan mekaar se voete hoef te 2………………….. om kalm te word nie, het Tom en Trevor maar net 3…………………… gegrinnik.*

*Die nuwe juffrou 4……………… nie met die kinders wanneer hulle 5……………… is nie. Sy 6………………… hulle eerder.*

13. Wanneer het almal oor juffrou Zaan gepraat?

…………………………………………………………………………………………………

14. Hoekom het Janie so baie oor juffrou Zaan geweet?

…………………………………………………………………………………………………

15. Wat het Janie oor juffrou Zaan gesê wat Tom nie kon glo nie?

…………………………………………………………………………………………………

# 2 – Te goed om waar te wees

1. Soek die Engelse betekenis van die volgende woorde in jou woordeboek:

| | | | |
|---|---|---|---|
| lawaai | | kleure | |
| ritme | | kattekwaad | |
| pouse | | moeilikheid | |
| toebroodjies | | humeur | |

2. Wat, volgens die titel van die hoofstuk, was te goed om waar te wees?

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

3. Verbind kolom B en kolom A se kolletjies met 'n strepie om aan te dui hoe juffrou Zaan op die kinders se stoutigheid reageer.


| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| Die kinders maak lawaai. ○ | ○ Sy sal hulle pouse help. |
| Die kinders doen nie huiswerk nie. ○ | ○ Hulle kyk wie die snaaksste gesig trek. |
| Twee kinders baklei. ○ | ○ Hulle sing 'n liedjie. |

4. Hoe moet die kinders wat nie huiswerk gedoen het nie pouse vir juffrou Zaan help?

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

5. Maak 'n regmerkie (√) op die kleure wat juffrou Zaan dra en 'n kruisie (x) op die kleure wat sy nie dra nie.



6. Wat was altyd op juffrou Zaan se tafel?

…………………………………………………………………………………………………

7. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter in die blokkie neer.
   Om kattekwaad aan te vang beteken …

   A jy is stout.
   B dat jy die katte moet vang.
   C dat die katte kwaad is.
   D jy is baie emosioneel.

8. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter in die blokkie neer.
   Daardie middag sug Janie en sê dat sy dink …

   A haar sussie praat nie die waarheid oor juffrou Zaan nie.
   B juffrou Zaan gaan nog baie op hulle skreeu.
   C die kinders is bang vir juffrou Zaan.
   D juffrou Zaan is die beste juffrou ooit.

9. Kies die antwoord wat nie pas nie. Skryf net die letter in die blokkie neer.
   Tom en Trevor voel dat …

   A alle onnies partykeer kwaad word.
   B onnies altyd vir hulle twee kwaad word.
   C juffrou Zaan die beste onnie ooit is.
   D juffrou Zaan nog gaan kwaad word.

10. Kies die antwoord wat nie pas nie. Skryf net die letter in die blokkie neer.
    Tom en Trevor voel hulle kan juffrou Zaan so kwaad maak dat …

    A dit lyk of sy gaan ontplof.
    B sy kan slange vang.
    C die rook by haar ore gaan uitborrel.
    D haar oë gaan traan.

11. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter in die blokkie neer.
    Wanneer ‘n mens jou humeur verloor …

    A lag jy lekker.
    B begin jy huil.
    C word jy baie kwaad.
    D vind jy alles snaaks.